



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 28 JULIE 2024

### TIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

### GEMEENTE DAGBOEK

#### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*Diens van Barmhartigheid*

#### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Eksodus 16:2-4, 9-15; Psalm 78:23-29;

Efesiërs 4:1-16; Johannes 6:24-35

#### SONDAG, 28 JULIE

##### POSDAG DANKBAARHEIDSONDAG

09:00 Oggenddiens – ds Hannes Burger  
NAGMAAL  
Kleuterkerk en Kinderkerk  
Deuroffer ten bate van: BADISA  
Erediensspan 4 – Robert Rootman

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- GEEN Gemeentetee**

#### MAANDAG, 29 JULIE

18:00 Kooroefening  
19:00 Sportmanne Bybelstudie  
19:00 Vroue Bybelstudie

#### DINSDAG, 30 JULIE

09:30 Senior Burger Bybelstudie  
18:00 Mannebybelstudie in Moederskamer

#### WOENSDAG, 31 JULIE

09:30 Vroue Bybelstudie  
19:00 Buitengewone kerkraadsvergadering

## DONDERDAG, 1 AUGUSTUS

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal  
19:00 Uitvoerende kommissie vergadering

Sopbeurte: Carina de Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Charlene Botes, Luci Mulder, Helene Steenkamp, Suzette Engelbrecht

## VRYDAG, 2 AUGUSTUS

09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer

## SATERDAG, 3 AUGUSTUS

18:00 Sop & Soetes Gemeentekuier

## SONDAG, 4 AUGUSTUS

### ELFDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

09:00 Oggenddiens  
DOOP  
Kleuterkerk en Kinderkerk  
Deuroffer ten bate van: Teologiese Kweekskool  
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- **GEEN Gemeentetee**

## GEMEENTENUUS

1. Franswa Laing (Brackenfell) is skielik oorlede. Ons bid vir Yolande en Dané. Hy is ook Johan en Marihana Mathee (Annandalestraat) se skoonseun.
2. Johan en Annaline Norman (Brackenfell) het 'n kleinseun ryker geword.
3. Mark White (Othello) se suster is oorlede.
4. Cedric en Pam Pretorius (Angeliësingel) ondergaan albei in die komende dae mediese toetse.
5. Tannie Lerina Venter (Andanté) het verlede week op die kerkterrein geval. Sy herstel goed daarna.



## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

28/07 Bokkie Geyer(81)  
29/07 Nico Nel, Susan Blanché, Sarel Esterhuysen(80), Michelle Smuts, Gerhard van Zyl, André Geyer, Natasha Geyer  
30/07 Tommie Traut, Beat du Toit, Joos van Zyl, Marietjie Breet, Erna Carstens, Corné van der Merwe  
31/07 Lielah Albertyn, Natalie Kennedy, Jamie Losper  
01/08 Bea Swart, Clariska Louw, Bennie du Plessis, Reynier van der Watt(81), Jani Orlandi, Kayla Horn  
02/08 Judy Steyn(86), Miemie Loubser(88), Anien Heydenrych  
03/08 **Mariana van Schalkwyk**, Hein Smit, Carol Kotze, Annette de Villiers(82), Ronél Marais, Mikeryn Pote



# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## BADISA

Badisa beteken **B**armhartigheid (NGK se omgee uitreik) en **D**iakonale dienste (VGK se omgee uitreik) wat **SA**am funksioneer. Hierdie gesamentlike aksies van ons kerke bied maatskaplike dienste en versorging vir alle soorte mense met ongeveer alle soorte behoeftes. Dit is tot ons elkeen se beskikking. Badisa is 'n geregistreerde NPO (011-891) en PBO (93000 6348) wat die barmhartighedsbediening van die NG Kerk in die Wes-Kaap en die VGK (Kaapland) organiseer en koördineer.

Badisa fokus op die volgende terreine: Aanneming en swangerskapberading; Bekamping van middelafhanklikheid; Bemagtiging van vroue; Dienste aan ouer persone; Gestremdesorg; Jeugontwikkeling; Kinder- en Jeugsorgsentrums; Kinderbeskermingsdienste; Voorskoolse kinderontwikkeling en nasorg; Werkskepping en armoedeverligting. Die programme behels onder andere 47 maatskaplikewerk-kantore, 48 tehuse vir bejaardes, 23 dienssentrums, 26 kleuterskole en nasorgsentrums, 6 kinderhuise, 2 sentrums vir middelafhanklikheid en 'n swangerskaps- en beradingsentrum.

Hierdie werksaamhede word deur 'n hoof uitvoerende beampte (ds Averell Rust), 'n direkteur en 12 BMD's (Bestuurders Maatskaplikdiensprogramme), 3 koördineerders en 'n aantal administratiewe beamptes (personeel, finansies, sekretarieel) oorhoofs gekoördineer en ondersteun. Die deuroffer vir Badisa is hoofsaaklik vir hierdie oorhoofse werksaamhede.

Kontakbesonderhede: Ds Averell Rust 021 957 7130

[info@Badisa.org.za](mailto:info@Badisa.org.za) / [www.badisa.org.za](http://www.badisa.org.za)

## ROLSTOELE



Neem asseblief kennis dat die rolstoel in die portaal by die hoofingang, asook in die glasportaal beskikbaar is vir gebruik by die kerk. U is welkom om dit te benut indien nodig.

## BUITENGEWONE KERKRAADSVERGADERING

'n Buitengewone kerkraadsvergadering is belê vir Woensdag 31 Julie 2024 om 19:00 in die konsistorie.

Die doel van die vergadering is om 'n kortlys van kandidate saam te stel en aan die kerkraad voor te lê. Daar sal ook besin word oor die proses vorentoe.

# DE EIKE VROUESONDAG

De Eike vier vanjaar **Vrouesondag** op 18 Augustus. Die prediker by die geleentheid gaan ds. Janine Williams wees, ou bekende op ons kansel.

Die jaarlikse **Vrouedankofferinsameling** vind ook op daardie dag plaas. Koeverte is verlede Sondag by die deure uitgedeel. Indien jy nie 'n koevert gekry het nie, neem gerus self vir jou een. Dit is beskikbaar in die boksies waarin die aankondiging geplaas word.

# KINDERKERK KONSERT

**KNOOP DIE DATUM VAS ~ 30 AUGUSTUS 2024**

Welkom De Eike!

Ons hou partytjie.

Trek aan jul dansskoene

De Eike is nommer een

Ons gaan nou feesvier

Ons klap ons hande

Ons dank ons Vader, want

**Die Kinderkerk is 10 jaar jonk!!!**

**Kaartjies @ R100 volwassenes, R50 skoolgaande kinders**

**Gebakte poeding en vla ingesluit.**

Kaartjies beskikbaar by Riëtta Odendal - 0829040950

**BRING JOU EIE PIEKNIKMANDJIE EN VERBEEL JOU JY IS BY DIE *BARNYARD!***

# SOP EN SOETES 2024



Kom geniet 'n gemeentekuiers in die kerksaal, 18:00 op 3 Augustus 2024, rondom 'n heerlike koppie sop en 'n broodjie en moenie vergeet van 'n glasie soetwyn nie. Met lekker gesels en samesyn dryf ons sommer gou die winterkoue uit.

Kinders is ook welkom, daar gaan vir hulle 'n film in die konsistorie gewys word en hulle gaan springmielies kry. Kinders bring gerus vir jou 'n kombes en jou kussing en geniet die film saam.

Kaartjies te koop na die erediens in die saal of by Jannie Nieuwoudt - 072 386 0935.

R20 - Per volwassene

R10 - Per skoolgaande kind

Nooi jou familie en vriende en kom geniet die aand saam met ons.

# VAKANTE POS

Die volgende vakante pos is tans in die kerk beskikbaar. Sien die kennisgewingbord in die voorportaal vir meer inligting of kontak die kerkkantoor.

- Sinode van Wes-Kaapland – Bestuurder Argief. Stellenbosch kantoor – sluitingsdatum 12 Augustus 2024.

# VROU WAT GLO RETREAT

Saterdag 17 Augustus 2024 by NG Kerk Vredelust, Bellville

Tema: #VrolikEnBly

Sprekers sluit in Wanda Bam, Benescke Janse van Rensburg en Karien Basson.

Om kaartjies te koop of vir meer inligting, besoek die webwerf [www.voelgoed.co.za/vroue-wat-glo](http://www.voelgoed.co.za/vroue-wat-glo)

# AKSIE SAMARITAAN

Lidmate wat donasies direk aan Aksie Samaritaan gee, moet daarop let dat hul bankbesonderhede verander het van ABSA BANK na CAPITEC BUSINESS BANK

Nuwe bankbesonderhede is soos volg:

Rekening naam: AKSIE SAMARITAAN NPC

Rekening nommer: 1052331530

Takkode: 450105

Hierdie is **slegs vir donasies direk aan Aksie Samaritaan**. Vir donasies, dankoffers en ander betalings aan De Eike, bly die bankbesonderhede dieselfde.

# PREEKSKETS

## TEMA – JESUS WYS ONS WIE HY IS...

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Johannes 6:16-21



Uit die donker, stormagtige nag kom Jesus sy dissipels tegemoet...

- En skielik verander alles!
- En dan sê Jesus: “Ego eimi...” – Ek is – soos 7x in die Johannesevangelie.

### 1. **Waarom het Jesus so baie gesê “Ek is...”?**

- Dit gaan terug na die dag toe God vir Moses antwoord: “Ek is”.
- Só kies God om Homself aan ons te openbaar.
- Elkeen van Jesus se “Ek is”-uitsprake is ‘n stuk selfopenbaring.
- Want Hy wil hê ons moet Hom leer ken...

### 2. **Kyk net watter verskil maak Jesus se selfopenbaring!**

- Daar daal ‘n bo-menslike kalmte oor die dissipels neer.
- Hulle situasie verander nie, maar hulle ervaring daarvan wel, want *Hy is daar...*
- En *dis* waaroor Koninkrykstyding gaan.

### 3. **Die Nagmaal.**

- Ook die eenvoudige tekens van die Nagmaal is ‘n selfopenbaring van Jesus
- Deur die Gees gebeur hier ‘n wonderwerk!
- En dit maak al die verskil...